

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE



UITGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Donderdag 15 Oktober 1970

WINDHOEK

Thursday 15 October 1970

No. 3114

## INHOUD

## CONTENTS

Bladsy/Page

### PROKLAMASIES:—

### PROCLAMATIONS:

No. 83	Dorp Swakopmund: Uitbreiding van Grense . . . . .	Township of Swakopmund: Extension of Boundaries	1262
No. 84	Dorp Swakopmund: Uitbreiding van Grense . . . . .	Township of Swakopmund: Extension of Boundaries	1262
No. 85	Plaaspad, Distrik Bethanien: Sluiting van . . . . .	Farm Road, District of Bethanien: Closing of . . . . .	1263
No. 86	Prorogasie van die Wetgewende Vergadering . . . . .	Prorogation of the Legislative Assembly . . . . .	1263

### GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

### GOVERNMENT NOTICES:

No. 141	Munisipaliteit Walvisbaai: Waterieweringsregulasies . . . . .	Municipality of Walvis Bay: Water Supply Regulations	1264
No. 142	Munisipaliteit Lüderitz: Wysiging van Waterieweringsregulasies . . . . .	Municipality of Lüderitz: Amendment of Water Supply Regulations . . . . .	1271
No. 143	Munisipaliteit Keetmanshoop: Wysiging van Gesondheidsregulasies . . . . .	Municipality of Keetmanshoop: Amendment of Health Regulations . . . . .	1272
No. 144	Munisipaliteit Karasburg: Wysiging van Elektrisiteitsverskaffingsregulasies . . . . .	Municipality of Karasburg: Amendment of Electricity Supply Regulations . . . . .	1273
No. 145	Munisipaliteit Lüderitz: Wysiging van Elektrisiteitsieweringsregulasies . . . . .	Municipality of Lüderitz: Amendment of Electricity Supply Regulations . . . . .	1277
No. 146	Prysbeheer: Maximum Pryse van Bier . . . . .	Price Control: Maximum Prices of Beer . . . . .	1278
No. 147	Volksgezondheidswet 1919: Regulasies (Hawens en Binnelandse Grense van die Gebied) . . . . .	Public Health Act, 1919: Regulations (Ports and Inland Borders of the Territory) . . . . .	1279
No. 148	Volksgezondheidswet 1919: Regulasies (Hawens en Binnelandse Grense van die Gebied) . . . . .	Public Health Act, 1919: Regulations (Ports and Inland Borders of the Territory) . . . . .	1279
No. R.1630	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae I (No. 1/1/33) . . . . .	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/33) . . . . .	1280
No. R.1631	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae I (No. 1/1/34) . . . . .	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/34) . . . . .	1280
No. R.1632	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 3 (No. 3/2/238) . . . . .	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 3 (No. 3/238) . . . . .	1281
No. R.1633	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 3 (No. 3/239) . . . . .	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 3 (No. 3/239) . . . . .	1282
No. R.1634	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 4 (No. 4/68) . . . . .	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 4 (No. 4/68) . . . . .	1282

No. R.1635	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 4 (No. 4/69) . . . . .	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 4 (No. 4/69) . . . . .	1283
No. R.1636	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 6 (No. 6/31) . . . . .	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 6 (No. 6/31) . . . . .	1283
No. R.1637	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 7 (No. 7/5) . . . . .	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 7 (No. 7/5) . . . . .	1284
<b>ALGEMENE KENNISGEWING:</b>		<b>GENERAL NOTICE:</b>	
No. 58	Munisipaliteit Windhoek: Sluiting van Nie-Blanke Begraafplaas . . . . .	Municipality of Windhoek: Closing of Non-White Cemetery . . . . .	1284
<b>ADVERTENSIES:</b>		<b>ADVERTISEMENTS:</b> . . . . .	

## PROKLAMASIES

DEUR SY EDELE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 83 van 1970.]

### UITBREIDING VAN DORPSGRENSE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 29 (1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) verklaar ek hierby dat die grense van die dorp Swakopmund uitgebrei is om plaas No. 147 geleë in die Registrasie-afdeling G in te sluit.

Hierdie eiendom staan nou bekend as Erf 1516, dorp Swakopmund.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 2de dag van September 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrateur*

No. 84 van 1970.]

### UITBREIDING VAN DORPSGRENSE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 29 (1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) verklaar ek hierby dat

## PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 83 of 1970.]

### EXTENSION OF TOWNSHIP BOUNDARIES.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 29 (1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) I do hereby declare that the boundaries of the township of Swakopmund have been extended to include farm 147 situate in the Registration Division G.

The property is now known as Erf 1516, township of Swakopmund.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 2nd day of September 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrator*

No. 84 of 1970.]

### EXTENSION OF TOWNSHIP BOUNDARIES.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 29 (1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) I do hereby de-

die grense van die dorp Swakopmund uitgebrei is om Ge-  
deelte 17 van die plaas Swakopmund-dorp- en -dorpsgrond  
No. 41 geleë in die Registrasie-afdeling G in te sluit.

Hierdie eiendom staan nou bekend as Erf 1511, dorp  
Swakopmund.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie  
die 2de dag van September 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrateur*

clare that the boundaries of the township of Swakopmund  
have been extended to include Portion 17 of the farm  
Swakopmund Town and Townlands No. 41 situate in the  
Registration Division G.

The property is now known as Erf 1511, township  
of Swakopmund.

Given under my hand and seal in Windhoek on this  
the 2nd day of September 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrator*

No. 85 van 1970.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van  
die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962)  
verklaar ek hierby dat plaaspad 466 in die distrik Be-  
thanien soos beskryf in Bylae I van Proklamasie 41 van  
1954 gesluit word.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie  
die 3de dag van September 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrateur*

No. 85 of 1970.]

Under and by virtue of the powers vested in me by  
section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of  
1962) I do hereby declare that farm road 466 in the dis-  
trict of Bethanien as described in Schedule I of Proclama-  
tion 41 of 1954 shall be closed.

Given under my hand and seal in Windhoek on this  
the 3rd day of September 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrator*

No. 86 van 1970.]

Kragtens die bevoegdheid en gesag my verleen by  
artikel 15 (2) en (3) van die Wet op die Konstitusie van  
Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) van die Parle-  
ment van die Republiek van Suid-Afrika, prorogeer ek  
hierby die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suid-  
wes-Afrika tot Maandag 15 Februarie 1971, en verklaar  
ek dat die Tweede Sessie van die Tiende Wetgewende Ver-  
gadering op daardie dag te Windhoek om 2.30 nm. 'n aan-  
vang sal neem vir die afhandeling van sake.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hier-  
die die 23ste dag van September 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrateur*

No. 86 of 1970.]

Under and by virtue of the powers and authority  
vested in me by section 15 (2) and (3) of the South West  
Africa Constitution Act, 1968, (Act 39 of 1968) of the  
Parliament of the Republic of South Africa, I hereby  
prorogue the Legislative Assembly for the Territory of  
South West Africa until Monday, 15 February 1971,  
and declare that the Second Session of the Tenth Legis-  
lative Assembly will commence at Windhoek at 2.30 p.m.  
on that day for the dispatch of business.

Given under my hand and seal in Windhoek on this  
the 23rd day of September, 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrator*

## Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir  
algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,  
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

## Government Notices.

The following Government Notices are published for  
general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,  
*Acting Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 141.]

15 Oktober 1970

No. 141.]

[15 October 1970

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243, gelees met artikels 274 en 242 (38) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) goed te keur dat die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 123 van 1963 en gewysig by Goewermentskennisgewing 92 van 1965 herroep en vervang word deur die onderstaande regulasies.

## MUNISIPALITEIT VAN WALVISBAAI.

## WATERLEWERINGSREGULASIES.

## WOORDBEPALING:

1. In hierdie regulasies, tensy die sinsverband anders aandui beteken —
  - (i) „aansluitingspyp” elke pyp wat loop van enige hoofpyp na enige perseel tot by, en met inbegrip van, alle watermeters op sodanige perseel; (vii)
  - (ii) Die woorde „eienaar”, „verbruiker”, „persoon”, „elkeen”, „iemand”, „so iemand”, „enigiemand anders”, „n ander” of „niemand” ook, as dit slaan op ’n firma of vennootskap, almal of enige een of meer van die lede van sodanige firma of vennootskap en, as dit slaan op ’n maatskappy of regs-persoon, die sekretaris of bestuurder van sodanige maatskappy of regs persoon, of diegene wat ingevolge sy grondwet sy sake kan beheer of bestuur; (viii)
  - (iii) „eienaar” ook elkeen wat die huurgelde of winste van enige perseel van enige huurder of bewoner ontvang, of wat sodanige huurgelde of winste sou ontvang as sodanige perseel verhuur was, hetsy op eie rekening of namens ’n reg- of belanghebbende; (vi)
  - (iv) „hoofpyp” elke pyp, waterleiding of ander werk uitsluitlik onder die Raad se beheer en gebruik deur die Raad om water aan verbruikers te verskaf, aansluitingspype uitgesonderd; (iv)
  - (v) „huishoudelike doeleindes” elke gewone huishoudelike doel, maar sluit die gebruik van enige masjien of motor, enige mynbedryf, enigiets ter bevordering van ’n bedryf, fabriek of saak, die skoonmaak van ’n pad, paadjie of sypaadjie, en tuindoeleindes uit; (iii)
  - (vi) „munisipaliteit” die Munisipaliteit van Walvisbaai; (v)
  - (vii) „Raad” die Raad van die munisipaliteit en omvat beamptes van die Raad wat wettig namens hom optree; (ii)
  - (viii) „Stadsklerk” en „Stadsingenieur” ook die beamptes wat asdan in hierdie betrekkings waarneem en die beamptes wat wettig optree namens die Stadsklerk of Stadsingenieur, na gelang; (ix)
  - (ix) „verbruiker” enigiemand met wie die Raad ’n kontrak om waterlewing aangegaan het, of enigiemand wat water vir enige perseel wettig van die Raad verkry; (i)
  - (x) „waterinrigting” elke pyp en toestel en alle verwante dinge wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word in verband met waterlewing van enige aansluitingspyp en wat op die perseel van enige verbruiker geleë is tot by, maar uitsluitende, die watermeter; (x)
  - (xi) „waterwerke” elke boorgat, stroom, reservoir, dam, tenk, masjien, pomp, masjinerie, pyp, grootmaat-

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section 243, read with sections 274 and 242 (38) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), to approve that the regulations promulgated under Government Notice 123 of 1963 and amended by Government Notice 92 of 1965 be repealed and the subjoined regulations substituted therefor.

## MUNICIPALITY OF WALVIS BAY.

## WATER SUPPLY REGULATIONS.

## DEFINITIONS:

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates —
  - (i) “consumer” means any person with whom the Council has contracted for the supply of water or any person lawfully obtaining water for any premises from the Council; (ix)
  - (ii) “Council” means the Council of the Municipality and includes officers of the Council lawfully acting on its behalf; (vii)
  - (iii) “domestic purposes” includes every kind of ordinary household purpose but does not include the use of any engine or machine, any mining operation, purposes connected with any trade, manufacture of business, the cleaning of any road, path or pavement or garden purposes; (v)
  - (iv) “main” means any conduit or other work under the exclusive control of the Council used by the Council for the purpose of conveying water to any consumer, and includes all things in connection therewith but does not include any supply connection; (iv)
  - (v) “Municipality” means the Municipality of Walvis Bay; (vi)
  - (vi) “owner” includes any person receiving the rents or profits of any premises from any tenant or occupier, or who would receive such rents or profits if such premises were let, whether on his own account or as agent for any person entitled thereto or interested therein; (iii)
  - (vii) “supply connection” means any conduit leading from any main to the premises of any consumer as far as, and including, all water meters on such premises; (i)
  - (viii) the words “owner”, or “consumer”, or “person” include, in the case of a firm or partnership, all or any one or more of the members of such firm or partnership and in the case of any company or corporate body, the secretary or manager of such company or corporate body or such person or persons as may be empowered in law under its constitution to administer or conduct its affairs; (ii)
  - (ix) “Town Clerk” and “Town Engineer” include the officers acting in these posts for the time being and the officers lawfully acting on behalf of the Town Clerk or the Town Engineer, as the case may be; (viii)
  - (x) “water installation” means any conduit or any apparatus and all things necessary in connection therewith used or intended to be used in connection with the supply of water from any supply connection and situated on the premises of any consumer beyond, but not including, the water meter; (x)
  - (xi) “waterworks” includes all boreholes, streams, reservoirs, dams, tanks, engines, pumps, machinery,

watermeter en elke verwante gebou en grondstuk en enige ander werk of ding buiten hoofpype wat nodig is vir die ontsluiting of opgaan van water en lewering daarvan in enige hoofpyp, ongeag of sodanige waterwerke by die Raad berus en deur hom beheer word en of die Raad water van sodanige waterwerke verkry vir verspreiding deur die Raad se hoofpype; (xi)

en het ander woorde en uitdrukkings die betekenis wat laaraan toegeken word in artikel 1 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963).

#### AANSOEK OM LEWERING:

2. (1) Elke daartoe geregtigde wat na die inwerking-treding van hierdie regulasies deur die Raad van 'n water-oevoer voorsien wil word, moet 'n aansoek rig in die vorm van Bylaag „A” hierby. Sodanige aansoek moet die Stadsklerk bereik minstens ses volle dae voordat die toevoer nodig is.

(2) Elkeen wat by die inwerking-treding van hierdie regulasies waterlewering benut vanaf 'n hoofpyp word mag 'n verbruiker te wees en bly sodanige waterlewering voorts benut asof hy 'n aansoek ingevolge regulasie 2 (1) ngedien het.

(3) Die Raad moet sover doenlik, nadat hy behoorlik daartoe versoek is en teen vooruitbetaling van die voorskrewe gelde deur die verbruiker 'n aansluitingspyp na die perseel van enige verbruiker verskaf, aanlê en in stand hou in 'n posisie en tot 'n diepte wat, na die Stadsingeneur meen, geskik is vir sodanige perseel: Met dien verstande dat die Raad die watertoevoer ingevolge regulasie 2 (2) kan beperk: Met dien verstande voorts dat geen aansluitingspyp verskaf word nie indien die grootte daarvan oos deur die verbruiker aangevra, na die Stadsingeneur meen, onvoldoende is om 'n toereikende watertoevoer aan die perseel te verseker.

(4) Elke perseel waar die Raad water lewer, moet sy eie afsonderlike aansluitingspyp beskik, en geen perseel mag oor meer as een aansluitingspyp beskik nie.

(5) (a) Waar 'n aansluitingspyp vir bouwerk op verzoek van enige eienaar of bouaannemer aangelê word, betaal sodanige eienaar of bouaannemer die koste van veraffing en aanleg van sodanige aansluitingspyp vooruit 'n meter word aan sodanige aansluitingspyp aangebring en sodanige eienaar of bouaannemer betaal vir water aldus gelewer volgens die toepaslike tarief.

(b) As sodanige aansluitingspyp, na die Stadsingeneur meen, vir die doel geskik is, kan dit ook gebruik word vir aansluiting met die permanente waterinrigting in die perseel, maar geen aansluiting met sodanige waterinrigting geskied voordat al die bepalinge van hierdie regulasies nagekom is nie.

#### VERSKAFFING VAN WATERINRIGTING:

3. (1) Vir elke verbruiker word daar 'n afsonderlike waterinrigting verskaf, aangelê en in stand gehou en sodanige waterinrigting moet skriftelik deur die Stadsingeneur goedgekeur word voordat dit by enige aansluitingspyp aangesluit word. Die Raad is nie aanspreeklik vir die koste van enige waterinrigting nie.

(2) Wanneer enige pasaangelegde waterinrigting, insluitende enige verandering aan of aansluiting van bymende toerusting by enige bestaande waterinrigting, vir inspeksie gereed is, moet die Stadsingeneur skriftelik daarvan verwittig word en geen pyp in sodanige waterinrigting mag in die loop van aanleg of verandering bedek word voordat sodanige waterinrigting ondersoek en skriftelik deur die Stadsingeneur goedgekeur is nie.

conduits, bulk supply meters and all related buildings and land, and all other works and things (except mains) necessary for the production or conservation of water and supply thereof in any main, irrespective of whether such waterworks are vested in and controlled by the Council or whether the Council obtains water from such waterworks for distribution through the Council's mains; (xi)

and other words and expressions shall have the meanings assigned thereto in section 1 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963).

#### APPLICATION FOR SUPPLY:

2. (1) Any person thereto entitled who, after the coming into force of these regulations, desires to be supplied with water by the Council shall submit an application in the form set out in Schedule "A" hereto and such application shall be lodged with the Town Clerk at least six clear days before such supply is required.

(2) Any person who is upon the coming into force of these regulations, supplied with water from any main shall be regarded as a consumer and shall continue to be so supplied as if he had submitted an application in terms of regulation 2 (1).

(3) The Council shall, as far as possible, and after being duly requested to do so, and upon pre-payment of the prescribed charges by the consumer, supply, lay down and maintain the supply connection to the premises of any consumer in a position and at a depth which the Town Engineer considers suitable for such premises: Provided that the Council may limit the amount of water supplied in terms of regulation 5 (2): Provided further that no supply connection shall be provided unless the size thereof as requested by the consumer, is, in the opinion of the Town Engineer, sufficient to ensure an adequate supply of water to the premises.

(4) Each premises supplied with water by the Council shall have its own separate supply connection and no premises shall have more than one supply connection.

(5) (a) In cases where a supply connection for building works is laid down upon the application of any owner or contractor, the cost of providing and laying down of such supply connection shall be prepaid by such owner or contractor and a meter shall be affixed to such supply connection and such owner or contractor shall pay for the water so supplied in accordance with the applicable tariff.

(b) If such supply connection is, in the opinion of the Town Engineer, suitable for the purpose, it may also be used for connection with the permanent water installation of the premises, but no connection shall be made with such water installation until all the provisions of these regulations have been complied with.

#### PROVISION OF WATER INSTALLATION:

3. (1) A separate water installation shall be supplied, laid down and maintained for every consumer, and such water installation shall be approved by the Town Engineer in writing before connection to any supply connection. The Council shall not be responsible for the cost of any water installation.

(2) Whenever any newly laid water installation including any alteration or connection of additional fittings to any existing water installation, is ready for inspection, notice thereof shall be given to the Town Engineer in writing and no conduit included in such water installation may be covered in the course of installation or alteration until such water installation has been inspected and approved by the Town Engineer in writing.

(3) Nadat enige waterinrigting, insluitende enige verandering aan of aansluiting van bykomende toerusting by enige bestaande waterinrigting, ondersoek en skriftelik goedgekeur is, laat die Raad sodanige goedgekeurde waterinrigting by die aansluitingspyp aansluit.

(4) Die bepalings van hierdie regulasie belet die Raad geensins om volgens besluit geneem op enige gewone raadsvergadering enige verbruiker vry te stel van enige of alle bepalings van hierdie regulasie nie, mits sodanige verbruiker by inwerkingtreding van hierdie regulasies 'n waterinrigting het wat, hoewel dit nie in alle opsigte aan die vereistes van hierdie regulasie voldoen nie, nogtans so aangelê is dat dit die algemene werking van nóg die Raad se hoofpype nóg enige waterwerke hoegenaamd belemmer nie.

(5) Geen eienaar of verbruiker mag op enige perseel onder sy beheer enige waterinrigting of deel daarvan of enige meter of toestel hou of gebruik nie en niemand mag sodanige meter of toestel verskaf of aanbring of laat aanbring nie tensy dit deur die Stadsingenieur goedgekeur is.

(6) Die Stadsingenieur kan vereis dat 'n opgaartenk van voldoende inhoud as deel van die waterinrigting verskaf word om die toevoer uit die aansluitingspyp of enige deel daarvan te ontvang en dan mag daar geen direkte koppeling tussen die aansluitingspyp of sodanige deel daarvan en die betrokke deel van die betrokke waterinrigting buite sodanige opgaartenk gemaak word nie.

#### METERS:

4. (1) (a) Wanneer enige aansluitingspyp aangelê word, verskaf die verbruiker 'n geskikte en veilige plek vir die plasing van die meter op sy perseel en so na as moontlik aan die grens daarvan.

(b) Die Raad rig 'n afsluitkraan teenaan die meter aan die kant van die aansluitingspyp vir sy eie uitsluitlike gebruik in en die verbruiker rig 'n afsluitkraan teenaan die meter aan die kant van die waterinrigting vir die loodgieter se gebruik in.

(2) (a) Die Raad verskaf alle meters en hul toebehore op eie koste en slegs meters verskaf deur die Raad mag gebruik word; die bepaling van die grootte van die meter wat verskaf word, berus uitsluitlik by die Stadsingenieur.

(b) Alle meters en hul toebehore deur die Raad ingerig soos voormeld bly die Raad se volstreekte eiendom onder sy alleenbeheer.

(3) (a) Die verbruiker is verantwoordelik vir die veilige bewaring en doeltreffende beskerming van enige meter en is aanspreeklik teenoor die Raad vir alle herstelkoste daaraan verbonde, uitgesonder herstelkoste wat nodig word weens gewone slytasie, en dié koste word deur die Raad aanvaar.

(b) Waar enige herstelwerk aan enige meter nodig word, verwittig die verbruiker die Raad onverwyld daarvan en dan laat die Raad so gou moontlik die nodige herstelwerk aan sodanige meter doen.

(4) Niemand mag 'n meter of sy toebehore afsluit of daarmee peuter nie of toelaat dat 'n ander dit afsluit of daarmee peuter nie.

(5) Die Raad kan te eniger tyd na goeddunke en op eie koste enige meter afsluit en verwyder en dit deur 'n ander meter vervang.

(3) After any water installation, including any alteration or connection of additional fittings to any existing water installation, has been inspected and approved in writing, the Council shall connect such approved water installation to the supply connection.

(4) Nothing in this regulation contained shall be taken as preventing the Council from exempting any consumer by resolution passed at any ordinary Council meeting from complying with any or all the provisions of this regulation, provided that upon the coming into force of these regulations, there exists on the premises of such consumer a water installation which, notwithstanding that it may not in all respects conform to these regulations, has been laid in such a manner as not to interfere with the general working of the Council's mains, or any waterworks.

(5) No owner or consumer shall have or use upon any premises under his control, and no person shall provide or install or cause or allow to be installed upon any premises, any water installation or part thereof or any meter or apparatus which has not been approved by the Town Engineer.

(6) The Town Engineer may require that a cistern of sufficient capacity be provided as part of the water installation to receive the supply from any supply connection or any part thereof and in such case no direct connection may be made between the supply connection or any such part thereof and any part of the water installation concerned except to such cistern.

#### METERS:

4. (1) (a) Whenever any supply connection is to be laid down the consumer shall provide a suitable and safe place within his premises and as near as possible to the boundary thereof in which to fix the meter.

(b) The Council shall install a stopcock for its own exclusive use at the side of the meter next to the supply connection and the consumer shall install a stopcock for the plumber's use at the side of the meter next to the water installation.

(2) (a) The Council shall provide all meters and fittings at its own expense and only meters supplied by the Council shall be used, and the size of any meter supplied shall be determined by the Town Engineer in his exclusive discretion.

(b) All meters and their fittings fixed by the Council as aforesaid are and shall remain the Council's absolute property under its sole control.

(3) (a) The consumer shall be responsible for the safe keeping and efficient protection of any meter and shall be liable to the Council for the cost of all repairs thereto except such repairs as shall become necessary due to ordinary wear and tear, the cost of which shall be borne by the Council.

(b) If any repairs to any meter become necessary the consumer shall forthwith give notice thereof to the Council and the Council shall as soon as possible effect such repairs to such meter as may be found necessary.

(4) No person shall disconnect or interfere with or cause or allow any meter or fittings thereto to be disconnected or interfered with.

(5) The Council may at any time, in its discretion and at its own expense, disconnect and remove any meter and affix and substitute another meter therefor.

(6) (a) As enige verbruiker te eniger tyd ontevrede is met 'n meterlesing en die meter getoets wil hê, moet hy inne dertig dae ná sodanige lesing die Raad skriftelik kennis gee en daarna laat die Raad die meter toets.

(b) Word die meter juis bevind betaal die verbruiker die toetsgeld soos voorgeskryf in Bylaag „B” plus die verwerkoste van die meter na en van die toetsplek aan die Raad.

(c) Word die meter foutief bevind, rig die Raad 'n uiste meter kosteloos in en is daar geen toetsgeld betaalbaar nie.

(d) 'n Meter word juis geag as geen fout meer as yf persent na die een of ander kant bewys word nie.

(7) Die hoeveelheid water wat enige meter aandui as erbruik deur enige verbruiker word geag die werklik elewerde hoeveelheid water te wees en elke verbruiker is ebonde aan elke aantekening in die Raad se boeke wat 'n meterstand hom aangaande aandui tensy sodanige aantekening foutief bewys word of daar bewys word dat die meter ten tyde van sodanige standlesing foutief was.

(8) Waar daar te eniger tyd bewys word dat 'n meter foutief is, en verkeerd registreer, herstel of vervang die Raad sodanige meter so gou moontlik, en die Raad skat oorts die hoeveelheid water waarvoor die verbruiker moet betaal vanaf die waarskynlike datum waarop sodanige meter foutief geraak het totdat dit reggemaak of ervang word op die grondslag van vorige gebruik op sodanige perseel of, na goeddunke van die Raad, op die grondslag van latere gebruik; en die rekening vir sodanige skatting word deur die verbruiker ingevolge regulasie betaal asof dit 'n rekening vir normale gemete verbruik is.

(9) Niemand mag peuter aan, of hom bemoei met, of veroorsaak of toelaat dat 'n ander peuter aan, of hom bemoei met, enige seël wat die Raad op enige watermeter, afsluit- of ander kraan of enige ander toestel in 'n aansluitingspyp aanbring nie, en die Raad kan, afgesien van enige straf wat opgelê word, van enigiemand wat hierdie subregulasie oortree sodanige skadevergoeding deur 'n geing in enige bevoegde hof verhaal wat die Raad moontlik deur die optrede van so iemand gely het.

#### VOORWAARDES VAN LEWERING:

5. (1) Niemand mag strydig met die bepalings van hierdie regulasies enige pyp aansluit by of water neem uit enige waterwerke, hoofpyp of aansluitingspyp nie.

(2) Die Raad kan na persoonlike skriftelike kennisgewing aan verbruikers en/of 'n algemene kennisgewing in die pers of, in noodgeval sonder enige kennisgewing begenaamd, die watertoevoer staak of beperk tot sodanige ure soos hy bepaal en kan die gebruik van water wat deur die Raad gelewer word tot huishoudelike doeleindes beperk.

(3) Niemand mag veroorsaak of toelaat dat enige pyp, kraan of toestel in enige waterinrigting lek nie en ke sodanige kraan of sodanige toestel moet so ingerig word dat 'n lekkasie maklik gewaar kan word.

(4) Niemand mag toelaat dat 'n afgeslote stoomketel an watter aard ook al regstreeks uit enige kraan in enige waterinrigting water kry nie maar met 'n opgaarbak versiaal aanbring vir die lewering van water in sodanige afgeslote stoomketel.

(5) Behoudens die bepalings van subregulasie (4) mag niemand enige opgaarbak hoegenaamd hou of veroorsaak of toelaat dat sodanige opgaarbak gehou of gelaat word onder enige buitekraan in enige waterinrigting wanneer daar inderdaad geen water uit sodanige kraan daarin op nie.

(6) (a) If any consumer is at any time dissatisfied with any reading of the meter and desires to have the meter tested, he shall give written notice to the Council within thirty days of such reading, and thereupon the Council shall test the meter.

(b) If the meter is found to be correct, the consumer shall pay to the Council the fee for testing as prescribed in Schedule "B", plus the cost of conveying the meter to and from the place of testing.

(c) If the meter is found to be incorrect, the Council shall install a correct meter without charge and no fee for testing shall be payable.

(d) The meter shall be deemed to be correct if no error of more than five per cent either way be shown.

(7) The quantity of water which shall be registered by any meter as having been supplied to any consumer, shall be deemed to be the quantity actually supplied and every consumer shall be bound by any entry in the Council's book showing each meter reading relevant to such consumer, unless such entry is proved to have been incorrectly made or the meter has been proved to be faulty at the time of such reading.

(8) Should any meter at any time be proved to be faulty and to register incorrectly, the Council shall repair or replace the said meter as soon as possible and the quantity of water to be paid for by the consumer from the probable date of such meter ceasing to register correctly up to the time of its repair or replacement shall be estimated by the Council on the basis of the previous consumption of water on such premises, or, in the discretion of the Council on the basis of subsequent consumption, and the account for such estimate shall be paid by the consumer in terms of regulation 9 as if it were an account for normal metered consumption.

(9) No person shall tamper or interfere with, or cause or allow to be tampered or interfered with, any seal placed by the Council on any water meter, stopcock, tap or other apparatus installed in any supply connection and the Council may, irrespective of any penalty imposed, recover from any person contravening this subregulation, such damage or loss as it may have sustained through the action of such person by process in any competent court.

#### CONDITIONS OF SUPPLY:

5. (1) No person may contrary to the terms of these regulations connect any conduit with or take any water from any waterworks, main or supply connection.

(2) The Council may, after personal written notice to consumers and/or general notice in the press or, in an emergency, without any notice whatsoever, discontinue the supply of water or limit it to such hours as it may decide, and may limit the use of water supplied by the Council to domestic purposes only.

(3) No person shall cause or allow any conduit, tap or fitting in any water installation to leak and every such tap or such fitting shall be fixed in such a position that any leakage may be detected easily.

(4) No person shall allow any closed boiler of any description to be supplied directly from any tap in any water installation, but shall provide a cistern especially for the supply of water into such closed boiler.

(5) Subject to the provision of subregulation (4), no person shall maintain or cause or allow any receptacle whatsoever to be maintained or to remain beneath any tap in any water installation which is situated out of doors when water is not actually running therein from such tap.

(6) Niemand mag enige afsluit- of ander kraan gedeeltelik sluit of gedeeltelik laat sluit nie, of toelaat dat water uit enige sodanige afsluit- of ander kraan in enige tenk of opgaarbak drup nie.

(7) Niemand mag enige opgaarbak of -tengk vir water vir mensegebruik of huishoudelike doeleindes oprig of gebruik nie, buiten met skriftelike goedkeuring van die Raad en op die voorwaardes wat die Raad stel.

(8) Niemand mag toelaat dat water deur 'n ontlastpyp in 'n bad loop nie en die inloop van enige bad moet minstens vyftig millimeter hoër as die bokant van die bad ingerig word.

(9) (a) Niemand mag water wat die Raad aan hom lewer aan enige ander perseel lewer of dit aan enigiemand anders verkoop nie.

(b) Niemand wat ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie regulasies 'n watervoorraad het, mag water aan enige ander perseel as die perseel op die eiendom waarop die watervoorraad is, lewer nie. By die toepassing van hierdie paragraaf word aangrensende persele van 'n enkele verbruiker as één eiendom beskou.

#### BESOEDELING VAN WATERVOORRAAD:

##### 6. Niemand mag —

(a) in enige stroom, reservoir, dam, tenk of enige ander plek bevattende water in verband met enige waterwerke bad of daarin enige dier was, ingooi of laat gaan nie of enige werke in verband met enige waterwerke of enige verwante dak, omheining of ander afskorting betree of beskadig of hom enigsins daarmee bemoei nie;

(b) klippe, grond, afval, vuilgoed, drek of enige ander ongewenste ding in enige boorgat, stroom, reservoir, dam, tenk of enige ander waterbron in verband met enige waterwerke gooi of enige doek, klere, wol, leer, vel van enige dier of enige ander ding hoegenaamd daarin was of skoonmaak nie;

(c) veroorsaak of toelaat dat die water van enige vuilwaterbak, riool, afleivoor, stoommasjien, stoomketel of ander vuil water vir die beheer waarvan hy verantwoordelik is, loop of gestort word in enige boorgat, stroom, reservoir, dam, tenk of ander waterbron soos voormeld nie;

(d) enige ander daad doen of verrig of toelaat of laat doen of verrig waardeur die Raad se watertoevoer besoedel kan word of wat, na die Mediese Gesondheidsbeampste meen, redelikerwys verwag kan word om die gesondheid en gerief van verbruikers van die Raad se watertoevoer in gevaar te stel of te benadeel nie.

#### INSPEKSIE:

7. (1) Die Raad of enige gemagtigde persoon wat wettig namens hom optree, kan te enige redelike tyd of, in noodgeval, te eniger tyd, enige perseel betree en enige deel van enige hoofpyp, aansluitingspyp of waterinrigting inspekteer, en enige redelike ondersoek instel en enige redelike vrae stel en inligting eis van enigiemand wat redelikerwys verwag kan word om kennis te dra van die saak wat ondersoek word.

(2) Niemand mag die Raad of enige gemagtigde persoon soos voormeld in die loop van enige inspeksie uitvoer of daad verrig ingevolge hierdie regulasies hinder, steur, met geweld bedreig, toegang belet of weier om regmatig gevraagde inligting te verskaf nie.

(3) (a) Waar die Stadsingenieur dit nodig ag ter inspeksie of ter uitvoering van enige werk ingevolge hierdie

(6) No person shall partially close down or cause to be partially closed down any stopcock or tap in any water installation or allow water from any such stopcock or tap to run into any such tank or receptacle at a dribble.

(7) No person shall erect or use any cistern for the storage of water for human consumption or domestic purposes except with the written approval of the Council and subject to such terms and conditions as the Council may prescribe.

(8) No person shall allow water to be supplied to any bath through an emptying pipe, and the inlet of any bath shall be at least fifty millimetres above the top of such bath.

(9) (a) No person shall supply to any other premises or sell to any other person water supplied to him by the Council.

(b) No person, who at the time of the coming into force of these regulations maintains a water supply, shall supply water to any premises other than the premises on the property on which the supply is procured. For the purpose of this paragraph adjoining premises of a single consumer shall be deemed to be the same property.

#### POLLUTION OF WATER SUPPLY:

##### 6. No person shall —

(a) bath in any stream, reservoir, dam, tank, or other place containing water in connection with any waterworks, or wash, throw or cause to enter therein, any animal or enter into or upon or damage or in any way interfere with any works in connection with any waterworks or any roof, fence, or any other enclosure in connection therewith;

(b) throw stones, earth, rubbish, dirt, filth or any other undesirable thing into any borehole, stream, reservoir, dam, tank, or any other source of water in connection with any waterworks, or wash or cleanse therein any cloth, clothes, wool, leather, skin of any animal or any other thing whatsoever;

(c) cause or permit the water of any sink, sewer, drain, steam, engine, boiler or other dirty water for the control of which he is responsible to run or to be brought into any borehole, stream, reservoir, dam, tank, or other source of water as aforesaid;

(d) do or perform, or allow or cause to be done or performed any other act whereby the Council's water supply is liable to be polluted or which may, in the opinion of the Medical Officer of Health, be reasonably expected to endanger or to prejudice the health and convenience of consumers of the Council's water supply.

#### INSPECTION:

7. (1) The Council or any authorised person lawfully acting on its behalf, may at any reasonable time or in an emergency, at any time, enter upon any premises and inspect any part of any main, supply connection, or water installation and make any reasonable investigation and ask any reasonable questions and demand information of any person who may reasonably be expected to have knowledge of the matter under investigation.

(2) No person may hinder, molest, threaten with violence or refuse admission or lawfully demanded information within his knowledge to the Council or any authorised person as aforesaid in the course of any inspection undertaken or any act done in terms of these regulations.

(3) (a) Whenever, in the opinion of the Town Engineer, it is necessary for the purpose of inspection, or



regulasies of ter nakoming van enige kontrak om waterlewering kan hy of enige gemagtigde persoon soos voormeld en op vier en twintig uur kennisgewing aan die verbruiker of eienaar of, as onmiddellike optrede, na die Stadsingenieur meen, gerade is, dadelik en sonder enige kennisgewing hoegenaamd, grond, beton, steenwerk, hout of metaalwerk op enige deel hoegenaamd van enige perseel met so min skade moontlik verwyder: Met dien verstande dat die persoon wat die inspeksie uitvoer in iedere geval by sy aankoms die rede vir sodanige inspeksie verstrek.

(b) Waar sodanige inspeksie geskied ter vasstelling of inbreuk op hierdie regulasies gemaak is, dra die verbruiker die inspeksie- en verwyderingskoste en koste ter herstelling van die perseel tot sy vorige toestand as inbreuk klaarblyklik wel gemaak is en in elke ander geval dra die Raad sodanige koste.

#### KENNISGEWINGS:

8. (1) Elke kennisgewing, bevel of ander dokument ingevolge hierdie regulasies wat bekragtiging deur die Raad vereis word voldoende bekragtig geag as dit deur die Stadsklerk onderteken is.

(2) Waar enige kennisgewing, bevel of ander dokument ingevolge hierdie regulasies aan enigiemand bestel word, word sodanige kennisgewing, bevel of ander dokument, behoudens die bepaling van regulasie 5 (2), of persoonlik aan hom besorg of agtergelaat by of deur die pos gestuur na sy jongsbekende woon- of werkplek, en as dit deur die pos gestuur word, word dit bestel geag op die datum waarop die bygaande brief per gewone pos bestel sou word; en om te bewys dat sodanige bestelling geskied het, is dit voldoende om te bewys dat sodanige kennisgewing, bevel of ander dokument behoorlik geadresseer, gerankeer en gepos is. Waar enigiemand uit die Gebied afwesig is, kan enige sodanige kennisgewing, bevel of ander dokument bestel word aan enigeen van sy behoorlik genagtigde agente wat aan die Raad bekend is.

(3) Elkeen wat enige wettige kennisgewing, bevel of ander dokument, behoorlik uitgereik en bestel ingevolge hierdie regulasies verontagsaam, is skuldig aan 'n misdryf.

#### TARIEF:

9. (1) Die tarief van gelde en heffings wat verbruikers betaal vir water gelewer en vir enige ander ienste gelewer ten opsigte van waterlewering of ten opsigte van enige werk gedaan of materiaal verskaf vir die aansluiting van enige perseel by die Raad se hoofpype of aansluitingspype word voorgeskryf in Bylaag „B” hierby.

(2) Waterrekenings word maandeliks betaal teen sodanige datum soos die Raad van tyd tot tyd bepaal.

(3) Die Raad kan die watertoevoer van enige verbruiker sonder enige kennisgewing hoegenaamd weens wanbetaling van sy waterrekening staak.

#### TRAFBEPALING:

10. (1) Elkeen wat enige bepaling van hierdie regulasies of enige wettige bevel daarkragtens oortree, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd rand, en by wanbetaling met gevangenisstraf van hoogstens drie maande; en by 'n voortdurende oortreding is so iemand strafbaar met nog 'n boete van hoogstens vier rand vir elke dag waarop die oortreding voortduur, en by wanbetaling met 'n gevangenisstraf wat die hof oplaë.

